

Nuwe Lied Bediening



Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respektyvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Die Gesalfde Een die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het – die Torah van Malki-Tzedek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van יהוה net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 35: Naso – Op te lig

יהוה het met Moshe gepraat en gesê: “Tel ook die koppe van die seuns van Gershon, volgens hulle vaders se huise, volgens hulle families, Num. 4:21 en 22 – PWL.¹

Torah: Num. 4:21 tot 7:89.

Haftorah: Rigters 13:2 tot 25.

Nuwe Verbond: Luk. 3:23; Matth. 8:1 tot 4; Mark. 1:40 tot 45; Matth. 5:27 tot 32; Hand. 21:17 tot 22:29; Rom. 13:9; 1 Kor. 6:9 tot 11; Gal. 5:19; Joh. 7:53 tot 8:11; Jak. 2:11.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige jare se notas vir Parashot 35 wat afgelaai kan word by: http://nuwelied.info/?page_id=1182.

There is a principle which is a bar against all information; which is proof against all argument, and which cannot fail to keep man in everlasting ignorance. That principle is condemnation before investigation!! – Edmund Spencer.

The degree of our spiritual strength will be in direct proportion to the time we spend in God's word – Elizabeth George.

With God, you are stronger than your struggles and more fierce than your fears – Germany Kent.

Problems are not the problem; coping is the problem – Virginia Satir.

Nothing is so strong as gentleness, nothing so gentle as real strength – Francis de Sales.

The greatest test of whether the holiness we profess to seek or to attain is truth and life will be whether it produces an increasing humility in us. In man, humility is the one thing needed

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

to allow God's holiness to dwell in him and shine through him. The chief mark of counterfeit holiness is lack of humility. The holiest will be the humblest – Andrew Murray.

Torah Bespreking

Hersiening

Aan die voet van die berg Sinai het Yisra'el vir sowat 13 maande onderrig in Torah ontvang. Die boek van Numerie is die begin van hulle praktiese toepassing van dit wat hulle geleer het. Nie net het Moses hulle in Torah onderrig nie, maar hulle het ook in hierdie tyd verskeie demonstrasies van יהוה se almag en van Sy getrouheid eerstehands ervaar.

יהוה het Sy liefde vir Yisra'el onteenseglik bewys, asook die feit dat Hy 'n getroue Verbondsgod is. Sal Yisra'el hierdie liefde beantwoord deur vertrou en gehoorsaamheid?

Num. 1:1 tot 10:10 is nog die laaste onderrig en instruksies voor Yisra'el die tog na die Beloofde Land sal aanpak. Yisra'el moet as 'n afgesonderde en rein gemeenskap (volk), asook as eensgesind deur die wildernis na die Beloofde Land trek, anders sal יהוה nie hulle Beskermer en Voorsiener wees nie! Liefde vir יהוה en naasteliefde sal hulle redding en behoud wees!

Dit wat veronderstel was om 'n reis van slegs enkele weke te wees het toe bykans 38 jaar geduur weens Yisra'el se wantroue in die beloftes van יהוה toe hulle geluister het na die negatiewe gerugte van 10 van die 12 verkenners en nie bereid was om יהוה te volg nie (Num. 32:11 en 12)!

Soos Yisra'el van ouds is ons ook op 'n wildernistog in hierdie wêreld waar ons daaglik ons liefde vir יהוה deur gehoorsaamheid aan Sy Torah moet bewys en waar ons beproef gaan word ten opsigte van ons liefde vir ons medemens. Die Apostel Yoganan (Johannes) herinner ons aan die volgende (1Joh. 2:3-6, 9):

³ Hieraan weet ons dat ons Hom ken, as ons Sy opdragte uitvoer.

⁴ Hy wat sê: 'Ek ken Hom' en Sy opdragte nie uitvoer nie, is 'n leuenaar en die waarheid is nie in hom nie,

⁵ maar wie ook al Sy woorde voortdurend uitvoer, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword, want hieraan weet ons dat ons in Hom is:

⁶ hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te leef soos wat Hy geleef het.

⁹ Wie daarom ook al sê dat hy in die Lig is terwyl hy sy broer haat, is steeds in die duisternis

Liefde vir יהוה en liefde vir ons medemens sal ook ons redding en ons behoud wees! Onthou: Liefde is nie net 'n emosie nie, maar wel 'n verpligting!! Liefde is 'n wilsbesluit – die emosie sal later kom!

Maar ons moet altyd onthou dat liefde vir יהוה en liefde vir ons medemens direk verbind is en dus op gelyke voet is – die een kan nie bokant die ander gestel word nie. Die hele wet en die profete hang aan liefde vir יהוה en liefde vir naaste (Matt. 22:10). Sha'ul (Paulus) herinner ons dan ook daaraan dat liefde vir ons naaste die vervulling van Torah (die wet) is:

⁸ Moenie iemand enige iets skuld nie, behalwe om mekaar lief te hê, want hy wat 'n ander lief het, het die wet volledig gemaak.

⁹ Want dít: jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie en watter ander opdrag ook al, word in hierdie boodskap volledig gemaak: ‘Jy moet jou medemens liefhê soos jouself.’

¹⁰ Liefde doen nie kwaad aan sy medemens nie, want liefde is die vervolmaking van die geskrewe wet. Rom. 13:8 tot 10.

Volgens bogenoemde teksverse is naasteliefde die vervolmaking van die wet, want hy wat sy naaste liefhet soos homself, sal nie aan sy medemens enige iets doen wat deur Torah (die wet) verbied word nie. Om jou naaste lief te hê met die liefde soos in Torah uiteengesit word, is die vervolmaking van יהוה se Torah (wet). Die tien pilare waarop liefde vir יהוה en naasteliefde staan, is dus die tien gebooe.

Ons weet dat om יהוה bo alles lief te hê, en jou naaste soos jouself, is nie ‘n nuwe gebod nie, want יהוה het reeds via Moses hierdie opdrag gegee. (Deut. 6:5; Lev. 19:18). Tog lees ons in Joh. 13:34 en 35 dat Yeshua gesê het dat Hy ons ‘n *nuwe gebod* gee,

³⁴ ‘n Nuwe opdrag gee Ek vir julle: dat julle mekaar moet liefhê; net soos Ek julle liefgehad het, so moet julle ook mekaar liefhê.

³⁵ Hieraan sal almal weet dat julle My studentevolginge is, as julle liefde vir mekaar het.”

Soos reeds genoem weet ons dat hierdie nie ‘n “nuwe gebod” is nie, naamlik soos een wat nog nooit voorheen bestaan het nie. Nee, dit was van die begin af daar. Hierdie feit word in 1Joh. 2:7-8 bevestig waar Yoganan ook oor die liefde praat en skryf dat dit geen nuwe gebod is nie, maar voeg dan by dat dit wel tog ook nuut is.

⁷ Julle vir wie ons lief is, dit is geen nuwe opdrag wat ek aan julle skryf nie, maar ‘n ou opdrag, wat julle van die aanvang af gehad het. Die ou opdrag is die boodskap wat julle gehoor het

⁸ en tog skryf ek aan julle ‘n nuwe opdrag, wat waar is in Hom en in julle: dat die duisternis verby is en die waaragtige Lig begin skyn.

‘n Skynbare teenstrydigheid? Nee!! Naasteliefde is ‘n gebod wat van die begin af daar was (1Joh. 3:11), maar dit het nou ‘n nuwe betekenis gekry – dit het nuut geword.

Liefde is so oud soos die skepping self, maar in Yeshua Die Gesalfde Een het dit ‘n nuwe lewe en varsheid verkry – as te ware ‘n herskepping (‘n ‘wedergeboorte’) wat dit ondergaan het om ewig nuut (jonk) te wees.

Hierdie is dan ook die betekenis van ‘n nuwe verbond (Heb. 8:8 en Jer. 31:31 en 32). Dit is die vernuwing van dit wat reeds bestaan. In Yeshua word die verbond en die gebod van liefde weer nuut gemaak en kry dit nuwe betekenis en toepassing. Dit is in die lig van hierdie “nuutheid” wat die betekenis te vinde is van: *liefde is die vervulling van die wet*.

[Die artikel: *Liefde: Die Vervulling Van Die Wet*, is beskikbaar by: [GB4.Apr13LiefdeWet](#)]

Het liefde die vervolmaking van God se Torah van die nuwe verbond in jou lewe geword? Is liefde vir die Vader en liefde vir jou medemens die rede hoekom jy al Vader-God se gebooe soos ‘n kosbare skat bewaar en nougeset doen? Ware liefde vir die Vader en jou naaste word bewys deur gehoorsaamheid aan Sy Torah soos dit in Yeshua vervolmaak is. Geloof, hoop en liefde – die heel belangrikste (uitnemendste) is liefde (1 Kor. 13:13), want dit is die vervolmaking van die wet. Alleenlik wanneer jy jou naaste liefhet soos jouself kan jy daarop roem dat jy יהוה jou God en Vader liefhet met jou hele wese! Alleenlik dan kan jy en ek יהוה se oorfloedig seën ervaar en in Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid staan!

Tydens ons wildernistog het ons elkeen ons persoonlike stryd en swakhede. En is liefdeloosheid nie juis een van ons grootste swakhede nie? Maar ons het ook ander swak hoedanighede waaroor ons oorwinning moet kry. Daarom: *Unless we take command over our personal battlefields we may end up captives to our own weaknesses.*

Torah leer ons hoe om in oorwinning te loop, ongeag ons omstandighede. Ons begeerte is om volgens Vader se wil deur die wildernis na die “Beloofde Land” te trek. Die gesindheid waarmee ons dit moet doen, word deur Oswald Chambers soos volg beskryf: *To be "in the will of God" is not a matter of intellectual discernment, but a state of heart. Its motto is: My Father can do what he likes with me, He may bless me to death, or give me a bitter cup; I delight to do His will.*

Bepeins of Bespreek

1. Daar word dikwels tussen gelowiges gedebatteer oor wie is ons medemens. Is dit alle mense of net sekeres op grond van ras? Het יהוה-God die hele mensdom lief of net sommige? Het Yeshua aan die folterpaal die sondeskuld van almal betaal of net van sekeres? Verwys Gal. 3:28.
2. Onderstaande is ‘n goeie opsomming van wat liefde is! Meet jouself hieraan wanneer jy sê dat jy יהוה en jou naaste liefhet. Indien jy nie bereid is om God en jou naaste op hierdie wyse lief te hê nie, moet jy jouself ondersoek!

Liefde het niks te doen met wat jy verwag om terug te ontvang nie. Liefde het slegs te doen met wat jy bereid is om te gee en ware liefde is bereid om alles te gee. Wat jy terug ontvang sal wissel, maar dit het geen verbintenisse met wat jy bereid is om te gee of hoeveel jy gee nie. Jy gee alles en verwag niks omrede jy waarlik liefhet!!

Doen Eers ‘n Kosteberekening

In verlede week se Torahskriflesing (Parashah 34) het ons geleer dat die doel van die sensusopname was om Yisra’el in ‘n gedugte weermag te organiseer. Almal wat op kommando moet uittrek was getel (Num. 1:3). Hoewel יהוה die land Kanaän aan Abraham en sy nageslag belowe het, sou die inwoners weerstand bied en sou Yisra’el dit nie sonder ‘n goed georganiseerde weermag kon verower nie. Yisra’el het dus vooraf geweet dat hulle in oorloë betrokke gaan wees.

Daarom moet ons besef dat wedergeboorte is om, soos Yisra’el van ouds, aan te meld vir diens in יהוה se ‘weermag’ en om opgelei en toegrus te word vir geestelike oorlogvoering!

Verduur booshede soos ‘n goeie soldaat van Yeshua, Die Gesalfde Een. Niemand wat ‘n soldaat is, is ook betrokke in die sake van die wêreld nie, om só die een tevrede te stel wat hom gekies het. 2Tim. 2:3-4.

So moet ons ook besef dat ons as koninklike priesterdom van Malki-Tzedek, en as afgesonderde volk van יהוה, ook in ‘n worstelstryd betrokke is (Ef. 6:12). Hierdie worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar ‘n geestelike ‘oorlog’ teen Satan en sy magte, teen die wêreldgesindheid en ons eie vleeslike begeertes. Vir die doel om effektief weerstand te bied, en die vyand te oorwin, is ons toegrus met die Afgesonderde Gees. Verwys Luk. 9:1; Luk. 10:19; 2 Kor. 10:3 tot 6; Efes. 6:10 tot 18; Jak. 4:7; 1 Joh. 2:14; Open. 12:11.

Maar nou moet ons die volgende vra: Waarom is dit dat die oorgrote meerderheid gelowiges wat bely dat Yeshua Die Gesalfde van God is wat ons sondeskuld betaal het, ook die stille meerderheid is wat feitlik geen invloed het om die huidige tsunami van morele en geestelike verval te stuit? Gelowiges met geen, of weinig, invloed op die samelewing!

Die kernoorzaak hiervan is dat gelowiges nie 'n kosteberekening gedoen het nie, naamlik van wat dit behels om 'n studentevolging (discipel) van Yeshua en 'n koninklike priester volgens die orde van Malki-Tzedek te wees.

Om dienswerk in יהוה se Koninkryk onder aanvoering van Yeshua te doen vereis om, eerstens, seker te maak van wat dit behels en, tweedens, om in die lig van wat dit behels, bereidwillig te wees om Yeshua tot die einde te volg, selfs in die moeilikste omstandighede! En ja, selfs om met jou lewe te boet. Yeshua verduidelik hierdie kosteberekening in Luk. 14:25-33:

- 25 Baie mense het saam met Hom geloop en Hy het Hom omgedraai en vir hulle gesê:
 26 “As iemand na My toe kom en hy het nie sy vader, moeder, vrou, kinders, broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe minder lief nie, kan hy nie My studentevolging wees nie.
 27 Elkeen wat nie sy eie kruis dra en agter My aan kom nie, kan nie My studentevolging wees nie.
 28 Wie van julle wat 'n toring wil bou, gaan nie eers sit en bereken die koste, of hy in staat is om dit te voltooi nie?
 29 Indien nie, as hy die fondament gelê het en nie in staat is om dit te voltooi nie, sal almal wat dit sien, met hom begin spot
 30 en sê: ‘Hierdie man het begin bou en kon nie klaarkry nie.’
 31 Of watter koning wat optrek om teen 'n ander koning langs hom oorlog te maak, gaan nie eers oorweeg of hy in staat is om met tien duisend die een te ontmoet wat met twintig duisend teen hom kom nie?
 32 Indien nie, stuur hy afgevaardigdes terwyl die ander een nog ver is en vra vir vredesvoorwaardes.
 33 Net so kan ook niemand van julle, wat nie afsien van al sy besittings, My studentevolging wees nie.

Het jy al hierdie kosteberekening gedoen? Kan jy met oortuiging sê dat jy יהוה Yeshua meer liefhet as jouself en as jou geliefdes? Is jy bereid om af te sien van dit wat vir jou belangrik is en om Yeshua enduit te volg, al kos dit jou lewe?

Ons almal wat wedergebore is – die besnydenis van die hart ondergaan het – is 'n studentevolging en 'n koninklike priester volgens die orde van Malki-Tzedek (1 Pet. 2:9).

Maar ons is nie almal vir dieselfde taak (bediening) geroep nie, soos duidelik blyk uit die vyfvoudbediening van afgevaardigdes (apostels), herders, profete, evangeliste (boodskappers van die goeie boodskap) en leraars (leermeesters)(Efes. 4:7-13).

Net so het ons ook nie almal dieselfde gawes van die Afgesonderde Gees ontvang nie, soos wat Sha'ul dit in 1Kor. 12:4-11 verduidelik.

Maar ongeag elkeen se bediening of gawe, moet ons almal 'n kosteberekening doen of ons Yeshua meer liefhet as onself en as ons geliefdes, en of ons bereid is om af te sien van dit wat vir ons belangrik is en om van alles wat ons besit, indien dit vereis word, af te sien en om Yeshua enduit te volg?

Het jy en ek die Gewer van alle genadegawes (Jak. 1:17) waarlik lief of het ons die gawes en seëninge liever as Die Een wat dit gee? Is jy en ek 'n ware studentevolgeling en koninklike priester van Yeshua Malki-Tzedek wat niks inruil verwag nie vir die feit dat ons Hom waarlik liefhet? Sal ons Vader-יהוה met ons hele wese steeds liefhê al beantwoord Hy nie een van ons gebede nie?

Het jy en ek die gesindheid van Havakkuk (Habakuk) en kan ons dieselfde sê?

17 Alhoewel die vyeboom nie sal bloei en aan die wingerdstokke geen vrug sal wees nie, die drag van die olyfboom faal en die lande geen kos produseer nie; die kleinvee uit die kraal afgesny word en daar geen beeste in die krale sal wees nie, 18 nogtans sal ek jubel in יהוה, ek sal in die rondte swaai van vreugde in die God van my verlossing.

19 יהוה-God is my Sterkte en Hy het my voete gemaak soos dié van herte en my laat staan op my hoë plekke om met snaarinstrumente Sy lof te besing. Hab. 3:17-19.

Onthou: Ware liefde het niks te doen met wat jy verwag om terug te ontvang nie. Liefde het slegs te doen met wat jy bereid is om te gee en ware liefde is bereid om alles te gee.

Yeshua het drie keer vir Kefa (Petrus) gevra: “Shim'on, seun van Yoganan het jy My lief, meer as hulle hier (Joh. 21:15-17)? Telkens het Kefa 'ja' op hierdie vraag geantwoord. En toe sê Yeshua vir hom:

18 “Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir jou sê: toe jy jonger was, het jy jouself aangetrek en gegaan waar jy wou, maar wanneer jy oud geword het, sal jy jou hande uitsteek en 'n ander een sal jou aantrek en vat waarheen jy nie wil nie.”

19 Dit het Hy gesê om aan te dui deur hoedanige dood hy God sou vereer en loof en nadat Hy dit gesê het, sê Hy vir hom: “Kom, volg My.” Joh. 21:18 en 19.

Die wyse wat Petrus gesterf het was deur kruisiging sowat 33 jaar na Yeshua. Volgens sommige geskiedskrywers was hy op sy versoek onderstebo gekruisig, omdat hy homself nie waardig geag het om soos Sy Meester Yeshua te sterf nie. En volgens die geskiedenis het agt van die apostels ook 'n marteldood gesterf!

Sal ons bereid wees om voort te gaan as dissipels indien Yeshua vir ons, soos vir Kefa, sou aandui hoedanige dood ons sal sterf?

Soos eindtydgebeure in tempo en felheid toeneem, moet ons elkeen selfondersoek doen of ons waarlik gereken kan word as studentevolgelinge en 'n koninklike priesterorde van Yeshua – 'n kosteberekening waar ons eerlik met onself is en die werklikheid in die gesig staar!!

As soldate (krygsmanne) van Yeshua kan ons nie bekostig om onverskillig, oningelig en onbetrokke te wees oor die toenemende stryd wat om ons woed nie! Stilswye, asook onkunde oor die ware toedrag van sake en 'n onverskillige houding van onbetrokkenheid, is vergelykbaar met 'n soldaat wat op die oorlogsfront sy wapens neergooi en vlug! 'Nuttelose' gelowiges wat toekyk hoe Satan al meer grondgebied in besit neem en wat nie bereid is om openlik en doelgerig tot die stryd toe te tree om יהוה se Hemelse Koninkryk hier op aarde te vestig nie!

Die stryd tussen die Koninkryk van die Hemel en die koninkryk van die duisternis is 'n werklikheid ongeag wat jou geloofsoortuiging ook al is. En wanneer na die geheelprentjie gekyk word, is dit duidelik dat die magte van die duisternis die oorhand het! Ja, selfs binne

die kerk! Skynbaar vergete is die feit dat Yeshua gekom het om die werke van Satan te vernietig.

Hy wat sonde doen, is vanuit die teëstander, want die teëstander is van die begin af 'n sondaar. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die teëstander te vernietig. 1 Joh. 3:8

En aan ons is die opdrag gegee om met die krag en hulp van die Afgesonderde Gees hiermee voort te gaan tot en met Yeshua se wederkoms. Ons gebed: 'Laat u Koninkryk kom....', sal slegs waar word indien ons met vreeslose ywer, en met vertroue in die wonderwerkende krag van ons Skepper-God, die magte van die duisternis aandurf! Daarom moet ons die woorde van Yeshua onthou:

Dit is 'n tydlose waarheid wat Ek vir julle sê: wie in My vertrou, die daede wat Ek gedoen het, sal hy ook doen en hy sal groter daede doen as dit omdat Ek na My Vader toe sal gaan. Joh. 14:12.

Ons Bevelvoerder Yeshua sit aan יהוה se regterhand in die hemel, ver bo alle heersers, outoriteite, wonderwerkende kragte, meesters en elke karakter en outoriteit (naam) wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in dié een wat kom. Hy het alles in gehoorsaamheid onder Sy voete gesit en is aangestel as Hoof oor die gemeente, wat Sy liggaam is (Efes. 1:15-23).

Daarom: Mag die oë van ons verstand, wil en emosie verhelder word sodat ons kan weet wat die versekerde verwagting van Sy roeping is en wat die rykdom van Sy erfdeel van eer en lof is onder die afgesonderdes en wat die oorvloedige grootheid van Sy wonderwerkende krag is, in ons wat vertrou. Ons is geroep om vreeslose krygers te wees, want ons het die versekering van die oorwinning oor die magte van die duisternis en hulle bevelvoerder Satan.

Maar die keuse is of jy en ek bereid is om onder die vaandel van Yeshua na die oorlogsfront te gaan en betrokke te raak in die geveg – 'n geveg vir ons en ons kinders se fisiese en geestelike oorlewing – en of ons eerder die weg van stilswye en van die minste weerstand gaan kies. יהוה laat elkeen toe om te kies watter rol om in hierdie epiese stryd te vervul. Jy kan die rusbank kies of die oorlogsfront! Maar wees verseker ons elkeen sal geoordeel word volgens ons keuse! En wees ook verseker dat die prys om nie betrokke te raak nie, of om so min as moontlik betrokke te raak, is 'n baie duur prys wat ons uiteindelik sal moet betaal, maar nie sal kan bekostig nie!

Die geestelike en morele verval wat orals aan die orde van die dag is, is die resultaat van die stilswye en onverskillige onbetrokke houding van diegene wat bely dat Yeshua hulle Meester en Die Gesalfde Een is. David Fiorazo verduidelik dit soos volg:

Though we say we trust God, believe the Bible, and are somewhat aware of the battle, we will avoid or ignore it and live this temporary life for ourselves and our earthly families. We may do some good works, but fail to see the big picture. This will often produce an empty existence, and as our faith becomes lukewarm, our lives will be of no consequence where God's purposes and eternity are concerned.

The path of least resistance however, has been to not even show up for the battle and not let anyone else know what side we're on. Rather than stand firm when opposition increases, many of us duck conversations about sin, the Bible or our faith so we won't ruffle any feathers. Thus, we avoid the very mention of Jesus' name in public (The Cost of

Our Silence; <http://davidfiorazo.com/2016/06/storming-the-gates-of-hell-christians-on-offense/>).

Daarom, laat ons die volgende woorde van Sha'ul ter harte neem:

- 1 Ek beveel jou, voor God en ons Meester Yeshua, Die Gesalfde Een; Hy wat die lewende en dié wat dood is, gaan oordeel by die openbaring van Sy Koninkryk:
- 2 verkondig die boodskap; staan ywerig daarop, tydig en ontydig; berispe, spreek aan met baie aanhoudende geduld en lering,
- 3 want daar kom 'n tyd dat hulle die ware leer nie sal gehoorsaam nie, maar leermeesters bymekaarmaak volgens hulle eie begeertes, wat hulle gehoor kan streef
- 4 en hulle sal hulle ore van die waarheid af wegdraai en na fabels toe draai.
- 5 Jy egter, wees waaksaam in alles. Verdra booshede; doen die werk van 'n verkondiger van die goeie boodskap en vervul jou bediening,
- 6 want ek word daarom as 'n offer geoffer en die tyd van bevryding het aangebreek.
- 7 Ek het die goeie geveg baklei, my resies voltooi en my vertrouwe behou.
- 8 Van nou af is daar vir my opsy gesit die kroon van onpartydige opregtheid waarmee my Meester my sal beloon op die dag wat Hy die regverdige sal beoordeel en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat Sy openbaring liefgehad het. 2Tim. 4:1-8.

Mag ons ook eendag soos Sha'ul sê: Ek het die goeie geveg baklei, my resies voltooi en my vertrouwe behou. En laat ons ook almal onthou dat ons Meester sal ons beloon op die dag wat Hy die onpartydige opregte sal oordeel – almal wat Sy openbaring liefgehad het!

A great man once said, "That which we tolerate today we will embrace tomorrow".

G. K. Chesterton once said, "Tolerance is the virtue of the man without convictions." I would add that tolerance and compromise is the creed of a coward. There seems to be very little most will not endure (tolerate and compromise with) to preserve their pay check or keep "peace" in their lives – Butch Paugh.

Evil prevails when good men do nothing.

Bepeins en Bespreek

1. Het die Messiaanse Beweging die opdrag van Yeshua in Matt. 28:18 tot 20 vergeet en geruil vir onderrig deur Rabbynse Judaïsme? Het laasgenoemde daarin geslaag om ons fokus van ons roeping af weg te neem? Het die Messiaanse Beweging hulle passie verloor vir die verkondiging van die Blye Boodskap van vergifnis en versoening deur die onverdiende guns in Yeshua? Ek wil elkeen aanmoedig om na hierdie kort video van Paul Washer (*This is War*) te kyk https://www.youtube.com/watch?v=Cln0CI_-a7M. Ja, hy is 'n Christen wat nie al die openbaringe van Torah-gehoorsaamheid het nie, maar hy het 'n brandende passie om die Vader se reddende genade deur Yeshua te verkondig – en dit is die les wat hy ons almal leer!
2. Volgens die Skrifte van die nuwe verbond sal Torah-gehoorsame Jode wat Yeshua as gekruisigde en opgestane Die Gesalfde Een verwerp, nie die Koninkryk beërwe nie. Moet ons nie met dieselfde ywer wat ons Torah by hulle wil leer, hulle ook van Yeshua vertel nie? Waarom het die Messiaanse Beweging die ywer om met die huis van Juda te verenig, maar in die proses word Yeshua uit die eenwording weggelaat? Is dit nie om Yeshua te verloën nie? Onthou wat in Matt. 10:32-33 geskryf is, asook in Mark. 6:10 en

11 ten opsigte van diegene wat nie die waarheid wil hoor nie!! Moet ons nie ook versigtig wees wie ons in ons huise in nooi nie, veral die wat nie die leer van Yeshua Die Gesalfde Een verkondig nie. Lees 2Joh. 1:10.

Haftorah Bespreking

Fisies Sterk, Maar Innerlik Swak

Ons Haftorahskriflesing (Rigters 13:2-25) is bevestiging dat ons oorwinning moet kry oor ons innerlike swakhede, aangesien dit 'n binding kan word wat יהוה se seën weerhou en dat ons nie 'n oorwinnaarslewe in Yeshua gaan lewe nie. Dit is wat die lewe van Shimshon (Simson) ons aan herinner.

Na die dood van Y'hoshua (Joshua) het Yisra'el 'n lang tydperk beleef van herhalende siklusse van afvalligheid (Torah-ongehoorsaamheid) wat onderdrukking deur Yisra'el se vyande tot gevolg gehad het en waarna Yisra'el tot berou en inkeer gekom het om dan deur 'n God-gestuurde Rigter bevry te word.

Hierdie tydperk kan opgesom word met die woorde: *In daardie dae was daar geen koning in Yisra'el nie; elkeen het gedoen wat reg was in sy eie oë* (Rigt. 21:25). Dit was 'n donker tydperk wat ons daaraan herinner van hoe maklik dit is om יהוה se liefdevolle onderrig en instruksies te verwerp en te glo dat dit ongestraf sal bly! יהוה is 'n regverdige Regter wat niere en hart toets (Jer. 11:20). God is ewe getrou aan Sy seëninge as aan Sy oordele (strafgerigte).

יהוה is die Wetgewer (Oppergesag) en Hy het die mag om te red en te verderf (Jak. 4:12), want Hy is die Regter van die ganse aarde (Gen. 18:25; Rigt. 11:27). Daarom het Yeshua gesê:

Moenie bang wees vir hulle wat die liggaam doodmaak, maar die gees nie kan doodmaak nie, maar wees eerder bang vir Hom wat die gees sowel as die liggaam kan vernietig in die hel. Matt. 10:28.

Die geskiedenis van Yisra'el bevestig by herhaling dat afvalligheid (Torah-ongehoorsaamheid) gestraf sal word, maar dat berou en terugkeer tot Torah vergifnis, versoening en seën tot gevolg het. Yisra'el se geskiedenis bevestig dat יהוה 'n God van genade en van oordeel (strafgerigte) is!

Elke mens het goeie en swak hoedanighede. Elkeen moet deeglik van eie swak hoedanighede bewus wees met die doel om dit te oorwin. Indien ons nie ons swak hoedanighede oorwin nie, of minstens daarvoor heers nie, kan dit 'n binding word wat יהוה se seën weerhou en selfs kan lei tot geestelike- en fisiese dood. Soos reeds vroër genoem is: *Unless we take command over our personal battlefields we may end up captives to our own weaknesses*. Shimshon se lewe is bewys hiervan!

Shimshon was ook 'n mens met swak hoedanighede, waarvan sy liefde vir vroue bo aan die lys was en wat uiteindelik tot sy vernedering en ontydige dood gelei het. Hierdie swak hoedanigheid het egter nie יהוה verhinder om hom as Rigter van Yisra'el vir 20 jaar in die dae van die Filistyne te gebruik nie (Rigt. 15:20)! יהוה wat Alwetend is, het voorkennis gehad van al Shimshon se hoedanighede en sy uiteindelige lot, en tog lees ons: *Die Gees van יהוה het begin om hom op te wek.....Rigt. 13:25*.

יהוה laat toe dat mense met immorele waardes leiers word en kan hulle selfs gebruik om deel van Sy se plan uit te voer. Daarom is regeringsleiers dikwels 'n spieëlbeeld van die geestelike

en morele standarde van die deursneë van die bevolking. Shimshon het nie soos vorige Rigters, byvoorbeeld D'vorah (Debora) en Gid'on (Gideon), Yisra'el geheel en al van onderdrukking deur die vyand verlos nie. Nee, deur Shimshon het יהוה die onderdrukking van Yisra'el deur die Filistyne slegs tydelik verlig deur te keer dat hulle totaal onderdruk word. Sodoende wou יהוה Yisra'el se geestelike oë en ore open om hulle eie, asook hulle leier, se geestelike en morele verval te laat sien! Dit het as waarskuwing gedien dat Yisra'el se voortgesette hardkoppige afvalligheid tot dieselfde oordeel as die van die Filistyne sal lei.

Ons Haftorah van die week vind aansluiting by ons parashah op grond van die Natzirgelofte (Nasireërsgeefte). Shimshon se hele lewe sou as 'n Natzir van God wees.

'n Natzirgelofte soos in Num. 6:1 tot 4 bespreek word, is 'n geefte van onthouding van sekere vleeslike begeertes vir 'n bepaalde tyd wat 'n man of vrou vrywillig maak. Dit was nie verpligtend nie, maar 'n vrywillige keuse en het slegs gegeld vir die tydperk wat die persoon self op besluit het. Dit is 'n tydperk van afsonderingskap aan יהוה. Gedurende hierdie tydperk mag geen wyn gedrink of enige druiwe of enige deel daarvan geëet word nie. Al die dae van die geefte van die Natzir mag geen skeermes oor sy hoof gaan nie (Num. 6:5). 'n Natzirgelofte is op 'n bepaalde wyse beëindig deur die voorgeskrewe offerandes en seremoniële handeling (Num. 6:13 tot 21).

Die doel van die Natzirgelofte is om 'opgelig' te word na 'n hoër vlak van geestelike gemeenskap (intimiteit) met יהוה-God. In die verband is dit belangrik om te onthou: YHWH is afgesonderd (heilig) en daarom sal enige een wat kies om hom- of haarself vir 'n bepaalde tyd af te sonder en toe te wy om sodoende Vader-God se stem beter te hoor of om Hom beter te leer ken, na 'n hoër vlak van afgesonderdheid (heiligmaking) beweeg.

Ons lees in Rigters 13:2-5 die volgende:

2 Daar was 'n sekere man van Tzor'ah, van die familie van die Daniete, met die naam van Manoag. Sy vrou was onvrugbaar en het geen kinders gehad nie.

3 Toe het die boodskapper van יהוה aan die vrou verskyn en vir haar gesê: "Let op, jy is onvrugbaar en het geen kinders gehad nie, maar jy sal swanger word en geboorte gee aan 'n seun.

4 Nou, daarom, wees versigtig om nie wyn of sterk drank te drink nie en niks wat onrein is te eet nie,

5 want let op, jy sal swanger word en geboorte gee aan 'n seun en geen skeermes mag op sy kop kom nie, want die seun sal van die baarmoeder af 'n Natzir tot God wees en hy sal begin om Yisra'el te bevry uit die hand van die F'lishtyne."

Shimshon was dus vanaf geboorte 'n Natzir tot God. Nou kan ons wel die vraag vra: Hoekom het die Natzirgelofte dan nie verhinder dat hy toegee het tot sy vleeslike begeertes nie? Die les wat ons uit Shimshon se lewe leer is dat die Natzirgelofte nie 'n waarborg teen wêreldse invloede of geestelike verval is nie!! Daarom waarsku die Apostel Yoganan ons toe hy geskryf het:

15 Moenie die wêreld liefhê of die dinge wat in die wêreld is nie. As iemand die wêreld lief het, dan is die liefde van die Vader nie in hom nie,

16 want alles wat van die wêreld is, die begeertes van die vleeslike liggaam, die smagtinge van die oë en die arrogansie van die tydelike lewe, is nie uit die Vader nie, maar is vanuit die wêreld.

17 Die wêreld en sy begeertes gaan verby, maar hy wat die wil van God doen, leef voort tot in ewigheid. 1 Joh. 2:15 tot 17.

Ons moet Sha'ul se onderrig aan die Galasiërs ook ter harte neem:

16 Ek sê: “Leef deur die Gees, dan sal julle nooit deur die begeertes van die menslike natuur gevang word nie,

17 want die menslike natuur begeer die teenoorgestelde as die Gees en die Gees die teenoorgestelde as die menslike natuur. Hulle staan teenoor mekaar sodat julle nie kan doen wat julle wil doen nie, Gal. 5:16 en 17.

Die Afgesonderde Gees is ons hulp en krag om ons innerlike swakhede te oorwin!! Sodoende kan ons oorwinning kry oor die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe (1 Joh. 2:16). Dan is dit ‘n innerlike verandering wat uiterlik sigbaar sal wees. Alleenlik dan sal ons afgesonder vir, en toegewy aan יהוה in hierdie wêreld kan leef sonder om te swig vir die dinge van hierdie wêreld!!

Bepeins of Bespreek

1. Shimshon, Yoganan die Doper en Yeshua was vanaf geboorte ‘n Natzir tot God. Is ons ook vanaf wedergeboorte Natzirs tot God? Onthou: die naam Natzir is afkomstig van die Hebreeuse woord *Nazrit* wat *afgesonder* en *toegewy* beteken. Word ons by wedergeboorte afgesonder en toegewy vir dienswerk aan יהוה?
2. Die volgende wyse woorde was waar in die lewe van Shimshon en kan so maklik waar word in ons elkeen se lewe: *The reputation of a thousand years may be determined by the conduct of one hour*. Onthou: Ons woorde en dade sal uiteindelik ons nalatenskap bepaal!!

-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.